Ps. 89: 1, 2. **Ouer & Kind voor die Here.** [17 Aug. 1958 Potch: Chiefstr.
a/Kp 6 Nov. 1960]

Ps. 119: 1, 4 (Ps. 128: 2, 3.) Efese 6: 1-9

Ges. ~~[illegible]~~ 31: 2, 3. / ~~[illegible]~~

Efese 6: 1, 4: Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.

En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning v.d. Here.

In 'n sekere Transv. nuusblad het daar ± 2 jr. gelede ~~die laaste~~ gelede kort na mekaar twee briewe verskyn. Die eerste was 'n aanklag v.d. eindstente teen d. ouer geslag en in dd. brief kom o.a. die volg. woorde voor:

„U het ons geen weg aangewys wat ons kan volg nie, omdat u nie so 'n weg ken nie en versuim het om dit te soek. .... Omdat u swak is, koop u ons om. Toe ons klein was was dit met bioskoopgeld en roomys: Hoe om te lewe, hoe om gemoedsrus te kry – dit het u ons nie geleer nie .... want u was te besig om ewe vroom meer geld te verdien en met lotery-uitslae te dweep asof dit gebede is".

Die tweede brief was van 'n kind in 'n weeshuis wat skrywe aan Here Jesus en sê: „Here Jesus, ek verlang net so baie na my Mammie. Ek het haar lankal gesien. My klein sussie huil altyd oor my moeder en my vader ... Ek wil bid of iemand my asb. uit die inrigting kan uithaal".

Hier het u twee noodroepe v.d. jeug: die eerste 'n woordlike, die laaste 'n woordelose aanklag teen d. huisl. lewe & opvoeding van ons dag. – almal tekens van die magte wat besig is om die huisgesin te vermoor & d. familielewe – die grondslag v.d. volkslewe – te vernietig.

En nou keer Paulus in twee van sy briewe (Efese & Kolossense) om die geheim te ontvou van die magte [Hierdie magte, godd. magte] wat die huwelik heilig (vrou en man), wat die huis opbou (kind en ouer), wat die samelewing laat opbloei (~~...~~ arbeider & heer). Oor die huwelik het ons reeds 2 weke gelede gehandel: nou oor d. huisgesin – die voortsetting & natuurlike uitbou v.d. huwelik.

Paulus se eerste woord is aan d. kinders: dié eis om gehoorsaamheid; dan aan d. ouers: dié eis om gesagsuitoefening.

I. Gods Eis by die Kind: Gehoorsaamheid.

Die mens in sy sondelose staat was 'n gehoorsame wese: maar ~~...~~ die kern v.d. sonde was juis ~~...~~ d. sonde van ongehoorsaamheid. En van die eerste ~~...~~ ouerpaar is dit oorgedra op d. eerste kinderpaar – sodat Kain vir Abel doodgeslaan het. // Dis dan ook d. teken v. d. sonde in d. kind: dat daar in hom altyd dié drang is om hom te verset teen gesag, – veral sodra hy bewus begin word van dinge om hom heen. Baie gou word die skynbaar onskuldige, glimlaggende babatjie 'n kind met eie sin en wil wat getem & beteuel moet word. Van jongs af moet d. kind leer & besef dat d. hele lewe is een van onderwerping aan orde, reël & gesag – en dat die vader & moeder hul. gesag moet beoefen in d. naam v.d. Here.

Daarom het God ook d. huisgesin ingestel en hul. godd. bevel gegee: omdat God weet dat alleen in d. huisgesin d. kind ~~moet~~ leer

hoe om hom aan gesag te onderwerp. Die Kind wat nooit geleer het om sy ouers in d. huis te gehoorsaam leer baie swaar (& soms nooit) om te buig voor d. gesag v.d. skool, die wette v. sy land, of d. gebod van God. Ongehoorsaamheid tuis lei tot opstand teen gesag daarbuite.

„Jul ouers": Hom moet d. Kind leer om die gesag van albei ouers te erken (alom meew. bevm) – & spreek dit ons muself dat die ouers onder mekaar moet saamstem en saamverbind wees nie 'n eendragtige optrede voor hulle kinders. Nooit mag kinders d. een ouer teen d. ander appeel – of d. ouers teekeer dat kinders dit regkry!

„In d. Here" Hier is d. sleutel tot ware kinder-like gehoorsd: nie in eie krag nie, maar in die Here – volgens die wet van God, in die gesind-heid v. Jd. // Dis al manier waarop 'n Kind dd. gehoorsd kan leer & beoefen: in die Here // En wie moet dit aan hom leer? Sy vader & moeder: as hulle leef in die Here: dis hulle voorbeeld, hulle Xt. behandeling, hulle mooi omgang met mekaar wat d. Kind se siel & hart sal buig tot gehoorsaamheid!

## II Gods Eis vir die Ouer: Gesag deur liefde:

„Vaders": Hd. woord is 'n alg. woord (πατέρες) wat albei ouers insluit (Hebr. 11:23), maar in die meeste plek spreek d. Here tog tot die vaders as die draer v.d. gesag, die hoof v.d. huis, die verteenwoordiger v.d. hemelse Vader

⟶

„Moenie julle kinders vertoorn nie": net so hoofdruk as ons kinders soms kan wees, net so eiewys & koppig – ja selfs uittartend – kan hulle word. En dan loop d. ouer d. gevaar om sy selfbeheersing te verloor in 'n opruiende humeur, 'n oorhaastige optrede, 'n krenkende verwyt, 'n woedende gebaar of houding – wat weer op sy beurt die kind kwaad maak, woede uitlok en bitterheid laat groei.

Teen so 'n optrede waarsku Gods Woord ons baie duidelik & ondubbelsinnig en roep ons as Xtenouers op tot geduld met ons kinders se swakhede, en selfbeheersing teenoor van hulle eiesinnige houding / Moenie onredelike eise stel, onnodig tussenbeide kom, altyd fout vind, liefdeloos kritiseer, onbillike dinge eis nie – dryf die kind se hart uit die huis!

→ Vandag nie ons gevaar: baie eerder d. teenoorgestelde. Ofm:

A.d.ander kant: „Voed hulle op in d. tug en vermaning v.d. Here": Andersyds. noodsaaklikheid v. gesonde, godgegewe gesag: tug en vermaning van die Here:

Die woord tug beteken eintlik: vorming, leiding, kweking terwyl vermaning meer staan op: waarskuwing, teregwysing, wegkeer van verkeerdhede. Maar albei moet wees „van die Here" = soos die Here dit doen as Hemelse Vader. Hoor ons.

– Artikel: „Die bevoorregte gesin" – Vandag ons gevaar: geen tug – te veel toegee! ←



→ 'n Lewenstaak in 'n enkele sin! Roep uit: Hoe kan ons ooit daarby? Here, ek staan skuldig! Wat moet ek doen?

① Doop reg verstaan:

② Huisgodsdiens: Waar beide ouer & kind buig voor God en sy Gesag! Watter magtige faktor. Krag tot redding! M.-dan nie net doen uit gewoonte: is dit nie een rede waarom duisende jongmense in opstand gekom het teen godsd. & d. Bybel – omdat hulle in huise grootgeword het waar ouers 'n godsd. voorgehou het wat hulleself nie meer beoefen het nie! Moet lewend, eg wees!

③ Familie-kerkbesoek:

④ Familielewe bewaar & bou:

– Artikel Dr J.L.G: „Die bevoorregte gesin."

– Gesellige onthale, etes: gevaar van ouers alleen (Kinders altyd by huis). Ontwerp vorme van gesellige verkeer waarin 'n kinders saam kan wees!

① Doop reg verstaan:

~~Doop reg verstaan~~:

⑤ – Familielewe v.d. Kleurling & d Bantoes

Beroep op ons as Xtenouers & moeders: help!

Grensjaar nie gestaag as ons nie ook antwd- mid op d. nood v.d. ontsettende verbrokkeling v.d. Kleurling- & d Bantoegesin!

— Karel Boshoff.

# Nederduitse Gereformeerde Gemeente
AASVOËLKOP

Telefoon 46-2097

Schröderstraat 6,
ROOSEVELTPARK,
Johannesburg.

Doop 6 Nov. 1960.

1. Ouerpaar G. P. C. Ketzé, Tanaweg 46, Emm.[illegible] (Sandra).
2. " C. P. Marais, 5de Laan 33, R.P.N. (Charl Pierre).
3. " J. E. Gentle, Malopoweg 18, Emm U. (Mark)
4. " W. S. P. Schoombee, Sanguinestr. 3, Mfr. (Anna Maria)
5. " J. H. Engelbrecht, 2de Laan 184, Oosdorp. (Petronella Cornelia Johanna)
6. " H. B. Marais, Amethistr. 74, R.P. (Elize)